MentorVennoot osw
Jy staan nie alleen nie

Hoofstraat 206
Paarl
082 459 6316
info@mentorvennoot.co.za
NPO Reg nr 201-329

NUUS

MENTORVENNOOT SE PROGRAMME VERLOOP MET DANKBAARHEID VOORSPOEDIG

1 Snapspel

Ons het vanjaar reeds by 23 skole die Snapspel aangebied, nog 17 volg.
Enkele kommentaar van leerders:

- *Dit was die beste program waarin ek nog was.*
- *Goed om iets aan te bied wat ons op skool nie leer nie*
- *Dit was bitter lekker gewees!*
- *Uitstekend! Ek sal dit altyd by my dra.*
- *Ek het baie meer geleer oor `n besigheid as wat ek gedink het ek weet.*

- **Hoërskool Paulus Joubert (onder) loop tans voor in die landwye kompetisie!**

- **Snapspel by Drostdy**

❖ **Klein Nederburg se wenspan**

2 Entrepreneurklubs

Sommige skole het hul eie Entrepreneurklub (of Trepklubs) waaraan potensiële leerders deelneem om hul vaardighede en besighede te kan ontwikkel. By Hoërskool Outeniqua is daar so `n Klub. Baie geluk julle met uitsonderlike inisiatief!

Baie sterkte aan Kylemore met hulle nuwe Trepklub wat so pas gestig is.

3 Mentorvennoot Verenigings

Daar bestaan reeds drie Mentorvennoot Verenigings:

- ❖ Paarl - Dr. Carel Stander: standerc@telkomsa.net
- ❖ Ermelo - Jaco Pieters: jaco@pkmail.co.za
- ❖ Kimberley - Basie Heckroodt: basie@heckroodt.co.za

Al drie hierdie verenigings is druk besig met inisiatiewe om jong entrepreneurs te help. Onderskeidelik op 16 Augustus (Paarl), 15 Julie (Ermelo) en 4 Junie (Kimberley) vind daar spesiale geleenthede plaas.

Skole van die bepaalde omgewings kan gerus met die betrokke persone wat die voorsitters is kontak maak vir hulp ten opsigte van entrepreneursake.

Indien ander skoolgemeenskappe en dorpe so`n Vereniging in hul omgewing wil sien funksioneer, kontak vir Kobus van den Bergh van Mentorvennoot vir raad en hulp by: info@mentorvennoot.co.za

4 Entrepreneurkompetisie

Ons het jaarliks `n Entrepreneurkompetisie vir leerders wat hul eie besighede het. Dit is`n wonderlike geleentheid om jou kreatiewe idees te ontwikkel en besighede te bou. Een van die finaliste van 2018 (Nathan Jansen van George) is tydens ons finaal van 2018 daar raak gesien en gaan onder andere die komende vakansie New York toe op uitnodiging van die Forbes Magazine om sy storie met hulle te deel!!

Nathan Jansen.

5 Onderwysersforum.

`n Forum is onlangs gestig met die idee om onderwysers wat betrokke is by entrepreneurskap te help. Dit is `n kommunikasie platform waar hulle met mekaar kan skakel, idees uitruil en ondersteuning vind. Die twee dames wat hier die leiding neem is:

- Marita Moolman By Hoërskool Ermelo: am.duplessis@yahoo.com
- Theresa Haupt by Hoërskool Outeniqua: afrikaans3@outeniqua.co.za

6 Entrepreneursgeleentheid

Op 13 Mei 2019 is daar by Hoërskool Oos-Moot (verlede jaar se wenskool van die Snapspel) `n baie suksesvolle entrepreneursaand gehou

`n Paar jong Entrepreneurs het hul sukses stories met die gehoor kom deel.

Die hoogtepunt was egter Marnus Broodryk, baie bekende jong entrepreneur in die land wat kom raad gee het vir voornemende entrepreneurs.

Sy boodskap was baie aktueel, emosioneel, inspirerend en hoopvol vir veral ons jongmense en hulle toekoms.

Marnus Broodryk.

Marnus deel handtekeninge uit

Drie jong entrepreneurs met skoolklere - Jandré du Plessis, Nathan Jansen en Rynhardt Bredenkamp

Vir enige navrae oor Mentorvennoot sake, kontak:
Kobus van den Bergh: info@mentorvennoot.co.za
22 Mei 2019

++